



**HUIS MCFARLANE**  
HOOFSTRAAT 416, PAARL  
POSBUS 281, PAARL, 7620  
TELEFOON : 021 872 3870  
FAKS : 021-8727585  
ontvangs@gimkoshuise.co.za



Liewe Ouer en Huis Mac-dogter ♥

Baie welkom by die Huis McFarlane-familie. Ons sien met groot opgewondenheid uit na u dogter se aansluiting by haar nuwe weeklikse tuiste, **Huis Mac!**

Ek wil u graag aanmoedig om aangeleenthede wat u bekommer of wat u opgewonde maak met my te kom deel. Kom sien of skakel my gerus.

Die groei van u jong dogter tot selfstandige en standvastige jong dame vir ons as senior koshuistuiste van groot belang. Tesame met Paarl Gimnasium se waardes, bou ons karakter met Huis McFarlane se **BERG**-waardes.

Hieronder enkele punte van belang asook die daaglikse roetine, sodat alles in die nuwe jaar glad sal kan verloop. Die Huis Mac-boekie met alle reëlins word ook aangeheg sodat u dit saam oor die vakansie kan bestudeer.

## Nuwelingsvergadering

Ons verwelkom u graag in die koshuis Dinsdagmiddag 26 Januarie vanaf 14:00. Die kamers sal dan eers gereed wees vir leerders om hul intrek te neem. (Die graad 8-Gimmies slaap in Huis McFarlane vanaf die Sondag tot Dinsdag) Ek en van die huiskomitee sal u in die voorportaal verwelkom. Ek sal u graag wil ontmoet. Maak seker ons sien mekaar ♥

Ons wil graag met al die nuwe leerders van Huis McFarlane om 20:00 in die ontspanningsaal vergader. Ons vra dus dat u teen hierdie tyd reeds gegroet het.

## Dienspersoneel

Maandag : Surindi Lombaard  
Dinsdag : Lize Nortier  
Woensdag : Rozanne Human  
Donderdag : Amanda van der Merwe  
Aflos : Anso Smith

## Naweekreëlins

Tref alle naweekreëlins asseblief teen 'n Woensdag, aangesien naweeklyste saans voltooi word. Indien daar 'n verandering kom, moet u vir Marieta per e-pos by [ontvangs@gimkoshuise.co.za](mailto:ontvangs@gimkoshuise.co.za) laat weet sodat ons die nodige aanpassings kan maak.

*Bedagsaamheid Eenheid Respek Geloof*

## Benodighede

Hieronder volg 'n aanduiding van wat nodig is vir die koshuisleerder.

<b>Beddegoed &amp; Kamertoerusting</b>	<b>Medikasie</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Paslaken</li> <li>• Duvetoortreksel</li> <li>• Duvet</li> <li>• Kussingslope</li> <li>• Kussings</li> <li>• Winter – ekstra warm kombers en warmwatersak</li> <li>• 2 Handdoeke</li> <li>• Toiletsakkie met toiletware</li> <li>• Waaiër</li> <li>• Bedlampie</li> <li>• Slotte met ekstra sleutel</li> </ul>	<p>'n Houer met die volgende items is baie handig.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• iets vir naarheid/braking,</li> <li>• pyn/koors,</li> <li>• ligte verkoue,</li> <li>• diarree,</li> <li>• sinus,</li> <li>• hooikoors (anti-histamien).</li> <li>• pakkie pleisters</li> <li>• bactroban salf</li> <li>• ontsmettingsmiddel</li> <li>• watte</li> </ul>
<b>Eetgerei</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• beker</li> <li>• mes</li> <li>• vurk</li> <li>• bordjie</li> <li>• lepel</li> <li>• teelepel</li> </ul> <p>Hierdie is vir wanneer hul vir hulself 'n teetjie of ietsie te ete wil maak.</p>	<p>Ons as koshuis/personeel mag geen medisyne verskaf nie. Leerders moet ook daarop let dat die oor en weer gebruik van medikasie tussen leerders TOTAAL afgekeur word in opdrag van die WKOD en in ooreenstemming met die <i>Wet op Veiligheid en Gesondheid</i> en die <i>Wet op die Verspreiding van Medikasie</i>.</p>

## Wasgoednommers

Alle kledingstukke word met hierdie nommer en dogter se naam gemerk.

414 Schoombee, Isa

427 Frielingsdorf, Mieke

416 Burger, Mia

428 Delport, Debby

419 Wium, Lené

352 Botes, Anke

424 Raubenheimer, Tristin



## Daaglikse roetine

Dit is belangrik dat u en u dogter hierdie roetine sal deurwerk om 'n ge-oliede eerste dag en week te vergemaklik.

Klok	Aksie	Klok	Aksie
<b>Maandag tot Vrydag</b>		<b>Naweek</b>	
		<b>Vrydag</b>	
06:15	Opstaan	14:05	Middageteklok lui
06:35	Stilte	14:30- 15:30	Defensie in studiesaal
06:40	Ete	17:45	Aandete
07:25	Almal uit koshuis	22:00	Ligte uit
		<b>Saterdag</b>	
14:05	Middagete	07:40	Opstaan
15:00 – 17:00	Stilte & studietyd	08:00	Ontbyt (Sportdae aangepas)
18:25	Aandete	13:15	Middagete
19:05 - 20:05	Studie 1	17:45	Aandete
20:05	Studiebreuk & Laatete	22:00	Ligte uit
20:20 - 21:15	Studie 2	<b>Sondag</b>	
21:30	Stilte	07:40	Opstaan
21.40	Ligte uit	08:00	Ontbyt
		09:00	Kerkgangers
<b>Inkomtyd gedurende die week</b>		12:30	Middagete
<b>Ma - Do</b>	<b>06:15 - 07:15</b>	18:00	Aandete
	<b>17:00 – 18:00</b>	19:00	Voordeur sluit
<b>Sondae</b>	<b>17:00 – 19:00</b>	21:30	Ligte uit
		17:00-19:00	Inkomtyd

Mag u 'n wonderlike vakansie saam met u gesin geniet! Seënwense en vrede word jul toegebied.

Carina Momsen

Superintendent

076 237 0000

carina@paarlgim.co.za

23 November 2020



## Geagte 2021 koshuisouers

Of u nou Paarl Gimnasium gekies het vir ons 163 jaar se tradisie, ons akademiese resultate, ons Christelike waardes, ons sport- of kulturele prestasies of net vir daardie onbeskryflike gevoel van vrede in u hart. Dit maak nie regtig saak nie. Wat wel saakmaak, is dat u nou hier is en dat u familie sopas vergroot het. Hartlik welkom by die Gim-familie.

Vir u is dit waarskynlik een van die heel moeilikste dinge dat u dogter die nes nou moet verlaat, maar wees verseker dat hulle nou 'n omgewing betree waarin hulle kan floreer en hulle volle potensiaal kan bereik.

Alhoewel ons nie kan waarborg dat die verlange huis toe nie sommige dae oorweldigend kan voel nie, kan ons u wel daarvan verseker dat ons daar sal wees vir u dogter deur die goeie tye, die slegte tye en elke oomblik tussenin. As hoofleiers is en sal ons deure altyd oop wees vir gesels, solank u kind die vrymoedigheid neem om te praat as daar ongelukkigheid is.

As daar een ding is wat hierdie jaar ons geleer het, is dit dat tyd werklik vir niemand van ons stilstaan nie. Dis egter belangrik vir u om te weet dat van die beste dae van u kind se lewe nou op hul wag. Die dae waarin hul lewenslange vriendskappe gaan vorm en herinneringe sal maak wat vir ewig by hul sal bly. Die dae waarin hul geslyp word tot jong volwassenes deur waardes soos verantwoordelikheid, bedagsaamheid en respek.

Uit ondervinding kan ons sê dat die besluit om u dogter die geleentheid van koshuislewe te gun, die geleentheid om deel te wees van iets soveel groter as hulself, die heel beste besluit is wat u as ouer ooit vir u kind kon maak.

Ons is kinderlik opgewonde om u in die nuwe jaar te verwelkom en wens vir u 'n feestyd propvol vreugde en kosbare oomblikke toe.

Gimmie-groete  
Emma Viljoen  
Koshuishoofdogter





## Huis Mac Credo (Parade)

Ons groet ons huis  
ons huis ons trots.

Mag ons van bo die krag en genade ontvang  
om elke dag met trots, krag en sterkte  
met almal in Gimnasium saam te leef.

Laat dit bekend staan dat ons ja ja is  
en ons nee, nee is  
en dat ons te alle tye ons maats en meerdere sal  
respekteer  
en Huis MacFarlane as ons tuiste sal aanvaar.

In Gimnasium staan ons saam om te oorwin.

*Gimmie groete van hoofleiers, huiskomitee en jou  
toekomstige koshuisfamilie.*



*Bedagsaamheid Eenheid Respek Geloof*